Vrydag 8 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35

Fokusgedeelte: Matteus 6:12 (AFR33/53/AFR2020); HK 51

God se genade laat ons as koninkryksburgers bid om skuldvergifnis

Soos ons elke dag *"brood"* nodig het om liggaamlik te oorleef, het ons ook daaglikse skuldvergifnis in ons geestelike lewe nodig. God se genade leer ons om (daagliks) hiervoor te bid. Nie net dat ons eie sondes vergewe word nie, maar ook dat ons die genadegawe ontvang (en aanwend) om diegene wat teenoor my en jou gesondig het, vir hulle oortredings te vergewe. Wanneer ons bereid is om ander te vergewe, word hierdie bede 'n gebed van diepe afhanklikheid en nederigheid.

Met Sondag 51 van die Heidelbergse Kategismus bely ons nie net ons sonde nie, maar spreek ons ook ons behoefte uit om 'n genadehart te hê om te vergewe soos God vergewe. As Koninkryksburgers leef ons in 'n verhouding met ons hemelse Vader deur Christus. Ons is, op grond van die genade van God, deur die kruisdood van ons Here Jesus Christus, vrygespreek – nie op grond van wat ons doen of nie doen nie.

Ons weet egter dat ons daagliks struikel en dat ons daagliks vergifnis nodig het. Daarom is vergifnis nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Dis 'n lewenswyse. Die Christus-evangelie bring nie net versoening tussen ons en God nie, maar bewerkstellig ook herstel in ons verhoudings met mekaar. Omdat ek en jy vergifnis ontvang het, moet ons bereid wees om te vergewe. Hierdie Goddelike genade maak ons nuwe mense. Gelowiges wat die Koninkryk van vrede en barmhartigheid uitleef.

Mag hierdie bede ons daaraan herinner dat hierdie genade nie maar net 'n beginpunt is nie, maar ons daaglikse lewensasem.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*